TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 8/1/2018 **Datum: 8 Maart 2018**

Uit die kantoor:

Toetsweek:
Neem asb kennis dat die toetsweek verander het omrede daar 'n netbal- en rugbytoernooi gedurende die laaste week plaasvind waarby baie kinders betrokke is. Die akademiese program gaan steeds voort gedurende die laaste week en kinders is skoolpligtig tot die laaste dag. Sien die ingeslote toets-rooster.

Die OVK (Onafhanklike verkiesingskommissie) gebruik ons saal Saterdag, 10 Maart vir registrasie van kiesers vir die 2019 algemene verkiesing. Indien jy 'n nuwe intrekker in Universitas is, moet jy nuut kom registreer.

BL verkiesing:
Die volgende personeel is tot die Beheerliggaam verkies:
Onderwysers:

- N Gunter, adjunkhoof
- L Buys, Dept.-hoof
- J Oosthuizen

Nie-onderwyspersoneel:
Mev D Vermaak, finansies.
Baie geluk!

Die oueruitslae word volgende week geplaas.

BELANGRIKE DATUMS

8 Mrt: 0/11 Rugby-aandliga. Die seuns wat deelneem het die inligting gekry.

9 Mrt: Skaaktoernooi. Die spelers wat deelneem het die reëlings gekry.

0/13 Suid-Vrystaat hokkieproewe. Die spelers wat genomineer is, het 'n skrywe ontvang.

12 Mrt: 0/13 Suid-Vrystaat krieketproewe. Spelers wat genomineer is, het die inligting ontvang.

14 Mrt: Klas- en individuele foto's. Die koste is R30 vir 'n klasfoto en R50 vir individuele pakkette. Klasfoto's word bestel, maar individuele foto's moet gekoop word as jou kind afgeneem word. Maak asb 'n definitiewe reëling met u kind.

0/13 Netbal-aandliga. Ook hierdie deelnemers kry die nodige inligting.

0/13 Rugby-aandliga

15 Mrt: 0/11 Netbal aandliga

0/11 Rugby-aandliga

Buitemuurs staak behalwe rugby en netbal wat nog verpligtinge het.

UITSLAE:

Atletiek
Mienke Delport, Miané Smith en Inge Pretorius verwerf goue medaljes by die Vrystaat Atletiekbyeenkoms. Christine v Zyl behaal 'n 6e plek in gewigstoot en Tjokkies se Dogterspan eindig algeheel 3e.

Die volgende atlete neem op 15 en 16 Maart aan die SA Atletiekkampioenskappe in die Paarl deel. Ons hou styf duimvas.

Miané Smit
Inge Pretorius
Mienke Delport

Swem
Die volgende swemmers het uitstekend presteer tydens die Vrystaat Swemkampioenskappe:

Francisca van Rooyen
Anieke Helmand
Renier du Preez
Nachke van der Walt

Francisca van Rooyen word aangewys as die Beste Swemmer (12 jaar). Sy is ook die algehele beste swemmer en word aangewys as die Victrix Ludorum.

Nachke van der Walt is die Beste Multi Class Swemmer.

VERJAARSDAE
Maandag, 12 Maart:

- Juff Natasha v Rensburg (Gr 4)
- Janah Posthumus(Gr 1)
- Sumé Myburgh (Gr 2)

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

VOORTREKKERS

Die hemde is beskikbaar by juf Lizette @ R130 vir die kleiner hempies en die volwasse groottes @ R150 elk.

KOSHUIS

Hierdie is 'n opname om te bepaal of daar 'n behoefte by ons distriks-ouers en buurdorp-ouers is vir koshuisinwoning.

Ons is deur 'n dame genader wat dit oorweeg om haar huis te omskep vir 12 kinders, sou daar 'n behoefte wees.

Kontak Liezl (sekr) sou u belangstel. Sy kan ook die kontaknommer van die persoon verskaf sou u haar self wil kontak.

SNUFFELS

Huis te koop op pypsteelerf in Boersmastraat Universitas. Naby skool (Tjokkies) en die Universiteit. 3 slaapkamers, twee badkamers, oopplan kombuis en woonvertrek. Dubbel motorhuis. Grootte van huis is 200m² en erf is 750m². Privaatingang en veilig.
Prys R1 250 000 direk van eienaar. Kontak 0823379446
Beskikbaar vanaf 1 Mei 2018

Meenthuis te huur
Dadelik beskikbaar
Canterbury Langenhovenpark

- Huur is R5 700 p/m
- Koopkrag en water
- 3 Slaapkamers
- 1 Badkamer met stort, bad en toilet
- Plus ekstra toilet

Kontak Charlene vir 'n afspraak: 071 442 6841

SNUFFELS

Flip van sekuriteit is op soek na 'n kitaar om te koop. Skakel 081 775 2974 as u kan help.

Accountant/Bookkeeper needed
A Civil and Structural Engineering practice, require the services of a Accountant/Bookkeeper.
Essential skills and experience:
 Minimum 3 years Accounting Experience.
 Drafting of financial statements;
 Good knowledge of SARS related submissions.
 Pastel Accounting, Excel & Microsoft Word
 Sage VIP Payroll

Required qualifications:
 Completed Accounting Diploma/Degree with bookkeeping skills.

Working hours: Mon to Fri (07:30 – 16:30)
Salary paid will be mark related.
E-mail CV to finance@consulteng.co.za

Gr 7 GEMEENSKAPSPROJEK

"Street Store" word op 19 Mei gehou. Dit is 'n interkerklike inisiatief wat jaarliks in Bfn plaasvind. Streetstore voorsien jaarliks aan meer as duisend haweloses kledingstukke. Ons as omgee-Tjokkies wil graag handevat met die organiseerders en klere insamel tot einde Maart. 'n Houer gemerk "Street Store" is in die voorportaal waarin u asb ou, heel klere kan plaas. Enige klere vanaf babaklere tot klere vir volwassenes – somer of winter.

Ons glo deur deel te neem aan hierdie besonderse projek, ons baie lewens in ons stad kan aanraak en sorg vir 'n warmer winter vir baie.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com